Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-06-14

Liewe Ouers

TOELATINGS 2025

Aansoek om toelating vir gr. RR vir 2025 is steeds oop. Vorms is by die skool beskikbaar. Slegs aansoeke met die vereiste dokumentasie sal ingeneem word.
Huidige graad RR-kleuters se aanlyn-aansoeke vir gr. R open op 1 Augustus 2024.

KLEIN LOCHIELAND "FLEECY TOPS"

Ons verkoop hierdie jaar donkerblou "fleecy tops" vir die kleuters met die Klein Lochieland logo op teen R250-00 per "top". Daar is steeds "tops" oor en die volgende groottes is beskikbaar:
4-5 jariges
5-6 jariges
Die ekstra 7-8 jariges wat bestel is, word Vrydag afgelewer, maar ouers sal dit eers volgende kwartaal ontvang.
Stuur die kontant in 'n koevert skool toe, met die grootte en u kleuter se naam voorop, asb.

PERSONEEL

Baie geluk aan die volgende personeellede wat gedurende die vakansie verjaar:

- 26 Junie: Juffrou Veronica, assistent van die Vissieklas
- 27 Junie: Juffrou Carlene van die Bytjieklas en
- 27 Junie Juffrou Anja van die Eendjieklas (wat nog op kraamverlof is)

LUISTERVAARDIGHEDE

Ons as personeel is baie bekommerd oor die groot hoeveelheid kleuters wat probleme met hul luistervaardighede toon. Dit beteken eenvoudig hulle moet luister na 'n opdrag en kan reageer daarop, m.a.w. luister met begrip! Dit is seker nie nodig om die belangrikheid van luistervaardighede te beklemtoon nie. Sonder voldoende luistervaardighede het 'n kleuter reeds 'n agterstand in die klas.

Ons skryf dit grotendeels toe aan die óórstimulasie van visuele vaardighede omdat ons kleuters te veel tyd spandeer aan skermtyd. Baie min kleuters reageer op stemme as hul besig is om 'n speletjie te speel op hul tablet of 'n televisieprogram kyk. Ons benodig die hulp van ons ouers, asb!!

Hier volg 'n paar idees waarmee ouers hierdie vakansie kan help:

1. Gee vir u kleuter drie instruksies om te voltooi, bv. gaan haal jou beker in jou kamer, maak jou kamerdeur toe en bring die beker kombuis toe. Die instruksie moet net een maal gesê word. Indien u sien u kleuter toon probleme, oefen dit die vakansie in. Doen dit daagliks, asb. en gebruik verskillende instruksies om dit goed in te oefen.
2. Wanneer hulle voor die televisie/tablet sit en hulle reageer nie, skakel die toestel af en gee die instruksies. Hierdie is ongelukkig een van die **grootste** redes hoekom kinders nie meer

luister na instruksies nie, want hulle fokus so op die televisie/tablet dat hul nie ouers se stemme “hoor” nie.

3. Wanneer u vir u kleuters stories lees in die aand voor slaaptyd, vra eenvoudige vrae oor die storie. Op hierdie manier sal u ook baie gou agterkom of u kleuter luister met begrip.

Ons vra dat u hierdie vakansie u kind asb. moet besig hou met kreatiewe aktiwiteite:

- Maak ‘n bol speelklei aan in die begin van die vakansie (dit hou minstens drie weke) en gee vir hulle interessante drukkers, sade, speelgoedjies, ens. om dit interessant te maak.
- Laat hul prentjies teken van hul geliefkoosde speelgoed en oefen hul potloodgreep terwyl u kyk hoe hul teken.
- Laat hul inkleur en neem waar of dit tussen die lyne en egalig met goeie vingerbeheer is.
- Gee ‘n tydkrif en knip prentjies netjies uit en maak ‘n eie plakboek met “mooi en interessante” prentjies. Let op u kind se skêrhantering.
- Neem hul naweke na interessante plekke om hul ervaringswêreld en algemene kennis uit te brei. Ons in die Boland is bevoorreg met baie mooi en kindervriendelike kuierplekke.
- Neem hul vir ‘n stappie of bal skop by die see of Helderberg natuurtuin.
- Laat hul fietsry, klim-en-klouter en fisies buite speel as ons weer dit toelaat.
- Leer een ouer se selfoonnommer vir u kind. Nie net omdat dit ‘n assesseringspunt is nie, maar omdat ‘n kleuter sy ouer se nommer moet ken vir ‘n krisis situasie. Elke keer wanneer jul in die motor ry, kan u ‘n stukkie van die nommer herhaal totdat u kleuter dit ken. Hulle sal u verbaas!

Kom ons stimuleer ons kleuters se kreatiewe denke en verbreed hul algemene kennis dié vakansie, sodat hulle baie het om vir juffrou te vertel na die vakansie.

GRAAD R-INLIGTING:

UITSTAPPIE: GIRAFFE HOUSE

Ons beoog ‘n bus-uitstappie na Giraffe House op Vrydag 19 Julie. Dit is die enigste uitstappie gedurende die derde kwartaal waaraan enige kostes verbonde is. Ons gaan met die groot busse ry en daarom beloop die kostes R150-00 per kind wat die busgelde, asook die toegangsfooi, insluit. Ons waarsku ouers vroegtydig van dié uitgawe sodat daar begroot kan word daarvoor. Gelde kan solank skool toe gestuur word. Daar sal gedurende die eerste week van volgende kwartaal ‘n *Googlevorm* gestuur word wat ouers moet voltooi, asb. Méér inligting volg in die eerste nuusbrief volgende kwartaal.

Ons tema vir die eerste week is:	**WINTER**	
Persepsies:	Getal:	**7 en sewende**
	Klank:	**p-klankie**
Assessering:	Ken jou verjaarsdagdatum	
Sondag 16 Junie:	***Gelukkige Vadersdag aan al ons Klein Lochieland pa’s!***	
Dinsdag 9 Julie:	**Skole open** ***Bring ‘n uitgeknipte prentjie van ‘n p-klankie, asb.***	
Woensdag 10 Julie:	Bak-en-Brou: Warm sjokolade	
Donderdag 11 Julie:	Versier ‘n sneeuman en maak ‘n wintersprent	
Vrydag 12 Julie:	***Alle rapporte en koeverte moet terug by die skool wees, asb!***	

GRAAD RR-INLIGTING:

MARKDAG

Om by ons Geld-tema aan te pas die daaropvolgende week, gaan ons op Vrydag 19 Julie ‘n markdag hou. Kleuters moet asb. R40 in ‘n toegeplakte koevert met u kind se naam op, skool toe stuur. Hulle gaan dan kaartjies koop waarmee hulle self lekkernye kan koop by die markdag.

Ons tema vir die eerste week is: **WINTER**

Persepsies:

Kleur:	**Blou**
Vorm:	**Sirkel**
Getal:	**1**
Klank:	**a-klankie**

Sondag	16 Junie:	***Gelukkige Vadersdag aan al ons Klein Lochieland pa’s!***
Dinsdag	9 Julie:	**Skole open**
Woensdag	10 Julie:	Ons “maak” ‘n sneeuman
Donderdag	11 Julie:	Ons verf handskoene
Vrydag	12 Julie:	***Alle rapporte en koeverte moet terug by die skool wees, asb!***

Geniet u vakansie!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel